

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Vrydag 10 Februarie 1978 WINDHOEK Friday 10 February 1978 No. 3704

INHOUD:

PROKLAMASIE:

No. AG. 9 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Immigrasie), 1978 1

Bladsy

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 3 Februarie 1978)

No. AG. 9 1978

OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN IMMIGRASIE AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal Windhoek, 10 Februarie 1978

BYLAE

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

CONTENTS:

PROCLAMATION:

No. AG. 9 Executive Powers (Immigration) Transfer Proclamation, 1978 1

Page

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 3 February 1978)

No. AG. 9 1978

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF IMMIGRATION TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General Windhoek, 10 February 1978

SCHEDULE

Definition

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law, shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

Oordrag van administrasie van Departement van Immigrasie

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtrede van hierdie Proklamasie deur die Minister van Immigrasie van die Republiek van Suid-Afrika geadministreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

Toepassing van wette

3. Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op artikels 8(1) en 12(1) van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937).

Kort titel

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Immigrasie), 1978.

Transfer of Administration of Department of Immigration

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Immigration of the Republic of South Africa shall be carried on by the Administrator-General.

Application of laws

3. The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to sections 8(1) and 12(1) of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937).

Short title

4. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Immigration) Transfer Proclamation, 1978.